**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Afrikaans Huistaal**

# Graad 11 Vraestel 1

# MEMORANDUM

Cecilia Klopper
0828720039

**Punte**: 70
**Afdeling A**: Leesbegrip
**Vraag 1**

**Antwoorde: Teks A**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Eie antwoord. | 2 |
| 1.2 | Figuurlik. Dit is nie letterlik 'n bok nie, net die oorsaak van probleme in jou liggaam. | 1 |
| 1.3 | Suiker word as die oorsaak van gewigstoename, energie-insinkings en verskeie leefstylsiektes beskou. (Noem slegs een) | 1 |
| 1.4 | Om die leser te betrek / beklemtoning van die gevare van suiker. | 1 |
| 1.5 | Dit is 'n feit, aangesien BrandMappnavorsing gedoen het. | 2 |
| 1.6 | Daar is net te veel en die inligting is vaag en misleidend. | 1 |
| 1.7 | Diabetes tipe 2 / hartsiektes / vetsug | 1 |
| 1.8 | Dat al die gevare wat suiker vir jou liggaam inhou, die waarheid is. | 1 |
| 1.9 | Sy het gevind dat rotte wat suiker ingeneem het, dieselfde breinveranderinge as dwelmverslaafdes getoon het. | 1 |
| 1.10 | Almal het op sosiale media geargumenteer ... (Par. 6) | 1 |
| 1.11 | Mense wat die Tim Noakes-dieet gevolg het, het 'n foto geneem waar hulle nog oorgewig was, en dan weer een nadat hulle verslank het. | 2 |
| 1.12 | "lae koolhidraat" | 1 |
| 1.13 | Sy stem nie saam dat suiker verslawend is nie, maar is van mening dat dit 'n probleem word as ons te veel daarvan eet en suiker voedsame kos begin vervang. | 2 |
| 1.14 | Uit drie koolhidrate: glukose, fruktose en sukrose | 3 |
| 1.15 | In natuurlike kosse kom suiker saam met water, vesel en ander voedingstowwe voor, wat jou langer versadig laat voel. | 2 |
| 1.16 | 'n Appel of jogurt en bessies. Suiwel en vrugte bevat laktose en sukrose, maar as jy dit saam met ander voedingstowwe eet wat dit meer gebalanseerd vrystel, dan is die suiker nie sleg vir jou nie. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.17 | “oormaat” | 1 |

**Antwoorde: Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.18 | Dit kan “jou geliefde” beteken, maar verwys ook na ’n klontjie suiker. | 1 |
| 1.19 | Jou geliefde kan jou hart breek en suiker kan jou hart aantas as jy te veel eet. | 1 |

**Antwoorde: Teks A en teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | A: geskrewe teks<br>B: visuele teks / advertensie | 2 |
| 1.21 | Albei handel oor suiker. | 1 |
| 1.22 | “suiker” | 1 |

**Totaal Afdeling A (30)**

**Afdeling B: Opsomming**

**Vraag 2**

**Paragraaf:**

Daar is rate in die tuin of speserykas teen siektes. Die vitamien C in suurlemoene versterk immuniteit. Peperment help met asemhalingsprobleme en verstopping in sinusse. Die gingerol in gemmer bevat anti-inflammatoriese eienskappe vir seerkeel en ’n ongestelde maag. Knoffel is die natuur se antibiotika wat die immuunstelsel versterk en verkoues verkort. Nie alleen bevat tiemie timol, ’n antiseptikum wat hoes en bronchiale ongemak verlig nie, maar dit bied ook verligting teen hoofpyn, lyfpyne en krampe. Laastens is brandrissies effektief teen stuwing in die sinusse en om bloedsirkulasie te verbeter. [88 woorde]

- Indien daar TWEE (of meer) feite in EEN sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar. Die leerder word nie hiervoor in die feitedeel gepenaliseer nie, maar wel in die taaldeel.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die aantal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld a.g.v. = 3 woorde.
- Leerders MOET die KORREKTE aantal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidate nie die korrekte aantal aangedui het nie. Leerders word nie gepenaliseer as hulle nie die woorde aangedui het nie.
- Leerders moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. ’n Opsomming in die
- verkeerde formaat MOET wel nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING.)
- Indien die opsomming te KORT is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Trek ’n streep deur die oortollige werk en moet dit nie verder nasien nie.
- Leerders hoef nie ’n titel te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte.
- <u>’n Volsin het ’n werkwoord / werkwoorde</u>.

**PUNTETOEKENNING:**

- 7 punte vir 7 korrekte feite (1 punt per korrekte feit)
- 3 punte vir taalgebruik
- Totale punt: 10
- **Verspreiding van taalpunt waar die leerder nié direk aangehaal het nie**:

- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Verspreiding van taalpunt waar die leerder direk aangehaal het**:
- 6–7 aanhalings: geen punt vir taal nie
- 1–5 aanhalings: 1 punt vir taal

**Totaal Afdeling B (10)**

**Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies**
**Vraag 3: Visuele teks – advertensie**
**Antwoorde: Teks D**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | "Espetada" | 1 |
| 3.2 | Dat mense wat slim is / flink dink, varkvleis verkies. | 1 |
| 3.3 | Foto<br>Verskillende soorte skrif<br>Verskillende groottes skrif<br>Vetgedrukte letters | 1 |
| 3.4 | Die woord "jou" word herhaal om die advertensie persoonlik te maak vir die leser daarvan. | 1 |
| 3.5 | Nee, die adverteerder sê: "Vra **jou** slagter." | 2 |
| 3.6 | Mense wat van varkvleis hou. | 1 |
| 3.7 | "nuwe" | 1 |
| 3.8 | "onweerstaanbaar" | 1 |
| 3.9 | **Premorfeem**: be; **Stam**: kos; **Postmorfeem**: tigbare | 1 |
| | | **(10)** |

**Vraag 4: Strokiesprent**

**Antwoorde: Teks E**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Omdat dit 'n eienaam is. | 1 |
| 4.2 | **Moet** asseblief **nie** kunsmatige versoeters bring **nie.**<br>**Of**<br>**Moenie** kunsmatige versoeters bring **nie**, **asseblief**. | 1 |
| 4.3 | Marilee vra vir Melissa hoekom sy kunsmatige versoeters drink. | 1 |
| 4.4 | In raampie 3 lyk sy bekommerd en in raampie 5 lyk sy verlig. | 1 |
| 4.5 | seine | 1 |
| 4.6 | ewewig | 1 |
| 4.7 | -se wys op die eienskap wat die item bevat. | 1 |
| 4.8 | Tussenwerpsel | 1 |
| 4.9 | Stop die skip; daar het 'n man **oorboord** geval. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.10 | Kern: owerhede<br><br>Bepaler: gesondheids | 1 |
| | | **[10]** |

**Vraag 5: Tydskrifartikel**

**Teks F:**
**Antwoorde:**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Die kelnerin is gretig om die bestelling te neem en in haar notaboekie te skryf. Sy staan regop en haar lyf is na die twee dames gedraai. | 1 |
| 5.2 | soek | 1 |
| 5.3 | naamlose | 1 |
| 5.4 | as | 1 |
| 5.5 | "ongeveer agt maande" | 1 |
| 5.6 | Na die dubbelpunt word die sterretoediening verduidelik. | 1 |
| 5.7 | Toegeeflik / aanpasbaar / tegemoetkomend | 1 |
| 5.8 | Hoofsin: Derdens is dit belangrik om die pryslys vooraf te bestudeer<br>Bysin: sodat jy nie onverhoeds betrap word met hoë pryse nie. | 1 |
| 5.9 | Om die woord in lettergrepe te verdeel. | 1 |
| 5.10 | sensasies | 1 |
| | | **(10)** |

**Totaal Afdeling C (30)**
**Groottotaal [70]**